Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 11. Kaapstad, 1 Oktober 1952. Prys 3d. Nr. 44.

# PALEIS IN ELKE DOMINIUM SAL EMPIRE SAAMBIND

**Die propaganda vir die idee dat die Britse koningin nie net in Brittanje moet woon nie, maar ook beurte moet maak om in die dominiums te woon waar sy dieselfde rol sal speel as in Brittanje, het reeds kabinetshoogte bereik. Die voormalige minister van statebondsbetrekkinge, Patrick Gordon-Walker, wat binnekort seker weer daardie posisie sal beklee wanneer sy party die bewind oorneem, soos spoedig verwag word, het in Stockholm hierdie gebeurlikheid in vooruitsig gestel toe hy gesê het dat die koningin „waarskynlik lang rukke in elke Statebondsland sal deurbring en die rol daar speel wat sy in Brittanje speel."**

**Soos voorheen in Die O.B. berig, het hierdie gedagte reeds groot veld in Brittanje gewen, en een blad het dit beskryf as een van die belangrikste ontwikkelinge wat die Statebond kan ondergaan, en van „onmeetbare waarde in die bevordering van lojale geesdrif sal wees."**

Die belangrikste struikelblok in die weg van hierdie ideaal was tot onlangs die formele kwessie van hoe om dit aan die koningin voor te stel. Sy mag nie in die parlement bespreek word nie, sodat dit moeilik is om 'n besluit daaroor te neem. Die oplossing wat aan die hand gedoen is, was dat sy 'n „nederige adres" aangebied word waarin sy „gesmeek" sal word dat dit haar moet behaag om die raad van haar ministers in Engeland en elders te vra oor die wenslikheid dat sy so rondwoon in die Statebond. Hoever daar gevorder is met hierdie „nederige adres" is nog nie weer verneem nie. Maar die oudminister van statebondsbetrekkinge kondig nou met heelwat selfversekerdheid in Swede aan dat so 'n voorneme bestaan en Engelse koerante in die Unie spreek dadelik hulle geesdrif daaroor uit.

### KROON ONS GRONDWET

**Gordon-Walker het gesê dat die kroon die ongeskrewe grondwet van die Britse Statebond is, en dat hy 'n voorgevoel het dat die kroon onder die heerskappy van Elizabeth II nuwe hoogtes van waardigheid sal bereik. „Ek glo dat die gevoel van lojaliteit, liefde en agting dwarsdeur die Statebond gaan versprei.**

„As koningin van elk van haar koninkryke en hoof van die Statebond, sal sy bo haar ministers in elke statebondsland verhef wees. Sy sal nie net aan elke groep ministers verantwoordelik wees nie, maar in gelyke mate aan hulle almal. Een bewys hiervan, meen ek, moet wees dat die koningin 'n groot deel van haar tyd in ander dele van die Statebond buite die Verenigde Koninkryk moet deurbring. Ek dink ons sal vind dat sy nie net in die ander dele besoek sal aflê nie, maar daar vir aansienlike tydperke van die jaar sal woon, en daar dieselfde rol sal speel as in die Verenigde koninkryk."

### SIMBOOL VAN VRYHEID!

Hoe subtiel die Engelse woorde kan aanwend om hul onderhorige volke onder die indruk te bring dat hulle volkome vry is, blyk uit die volgende verdere uitlating van Gordon-Walker:

„Die kroon is nie meer die enigste simbool van die gelykheid en ONAFHANKLIKHEID van die lede van die Statebond nie, want in Indië is die republiek die simbool van onafhanklikheid. **Maar in Indië is die regeringstelsel feitlik dieselfde as in die ander lande — die president het feitlik dieselfde rol as die Goewerneur-generaal en die koningin. 'n Mens kan dus sê dat Indië 'n republ keinse koninkryk en al die ander lede van die Statebond gekroonde republieke is."** (Asof die Britse kroon in wie se naam die Republieke verower is, ooit vir Suid-

(Vervolg in voorgaande kolom)

(Vervolg van kolom 5)

**Afrika 'n simbool van onafhanklikheid kan wees! En tog glo duisende Afrikaners dit.)**

### KROON VERSTERK DEUR „REPUBLIEK"

Voortgaande het Gordon-Walker hierdie betekenisvolle stelling gemaak:

**„Toe Indië 'n republiek geword het, is die rol van die kroon in die Statebond in baie opsigte versterk. Voorheen het die neiging bestaan om die kroon te beklemtoon as die simbool van gelykheid en outonomie van elke lid, maar toe Indië 'n republiek geword het, het alle lede van die Statebond, Indië inkluis, die koning erken as die hoof van die Statebond en die simbool van hul vrye assosiasie."**

In die lig van hierdie verstewigde posisie van die Britse kroon en die feit dat dit die „ongeskrewe grondwet" van die Statebond geword het, kan die geesdrif vir die plan om die koningin afwisselend in die verskillende dominiums te laat woon, begryp word. En daarom pleit ook die Cape Times vir hierdie gedagte sodat die opvatting omtrent die kroon „minder van 'n wetlike opvatting en 'n groter werklikheid vir die volke van die Statebond" kan word.

### BRITSE STREWE

**Dit is nog alles in ooreenstemming met die nuwe Britse imperialistiese strewe wat daarop bereken is om deur middel van losmaking van sigbare bande beslag te lê op die gees van die onderhorige volke. 'n Lojale, koningin-verheerlikende dominiale eerste minister rondom die Konferensietafel in Londen is vir Brittanje veel waardevoller as 'n besettingsleër in die onderworpe land.**

# LEIERS SPOOR AAN TOT NUWE BEGIN

**„Ons staan voor 'n nuwe begin. Ons sien weer die lig van 'n eie roeping en 'n eie doel. Laat elkeen van ons nou die hand aan die ploeg slaan," lui dit in 'n beleidsverklaring wat deur die voorsitter van die Grootraad, prof. D. J. van Rooy, uitgereik word. Die Suidelike Beheerraadsleier, dr. F. D. du Toit van Zyl, sluit hom by hierdie verklaring aan en doen 'n beroep op alle ondersteuners van die republikeinse gedagte om by te dra tot 'n fonds vir die bevordering van ons ideaal.**

**Die verklaring van prof. Van Rooy lui as volg:**

**Die jongste Grootraadsitting en Laertrek het die fundamentele eenheid en koersbewustheid van die Ossewabrandwag weer helder aan die lig gebring. Daar is ook 'n lus en ywer geopenbaar om aktief op te tree ter bevordering van ons ideale en doelstellings. Daarby moet ons ons in die eerste plek altyd bewus wees van die beginsels waarvan die O.B. uitgaan. Ons stel dit kortliks.**



PROF. D. J. VAN ROOY

### ONS BEGINSELSTANDPUNT

**1. Ons glo dat die Christelike nasionale republikeinse rigting die grondtoon van ons volkskarakter vanaf Jan van Riebeeck verteenwoordig en dat dit in die Republieke van Paul Kruger en Marthinus T. Steyn sy beslag gevind het. Ons wil hierdie rigting ooreenkomstig die eise van die tyd en die toestand van land en volk ontwikkel.**

**2. Nòg in die volkswil nòg in die wet, maar alleen in God vind ons die bron van die soewereine gesag. Hiermee verwerp ons die beginsel van volksoewereiniteit sowel as die van staatsalmag, en stel in die plek daarvan die staatsgesag wat in die gewete van beide owerheid en onderdaan aan die ordinansies van God gebonde is.**

**3. Ons beskou ons huidige staatstelsel as uitheems, vreemd aan ons volksaard en tradisie en derhalwe vir ons verwerplik. Ons strewe is om dit te vervang deur 'n eie inheemse stelsel ooreenkomstig ons christelik-nasionale republikeinse rigting.**

### ONS STEL ONS TEN DOEL

1. Om hierdie beginsels met alle mag te propageer en te bevorder.

2. Om almal wat so gesind is, saam te snoer in 'n volksbeweging wat hom sal beywer vir die gewenste hervormings in ons staatstelsel.

In ons verwerping van die bestaande stelsel beoog ons allermins die stigting van nog 'n party wat die huidige verwarring nog verwarder sou maak en in elk geval strydig sou wees met ons beginselstandpunt. **Vandaar dat dit vanselfsprekend vir enige lid van die beweging vrystaan om sy houding t.o.v. die bestaande partye vir homself te bepaal.**

### DIE WEG WAT ONS GAAN VOLG:

1. Die eerste en noodsaaklike stap wat gedoen moet word — ook in opdrag van die Laertrek — is 'n onafhanklike, republikeinse blad. Soos dit ‚Di Patriot' se taak was om ons van ons eie Afrikaanse taal bewus te maak, sal dit hierdie blad se geskiedkundige taak wees om ons eie staatstelsel, Die Republiek, te propageer. Ons hoop dat die blad dan ook „Die Republikein" sal heet en die mondstuk sal word van alle republikeine ongeag hul party of nie-partyverband.

2. Die uitbouing van die Ossewabrandwag tot 'n omvattende republikeinse Volksbeweging.

In die praktyk sal dit beteken dat Die O.B.-blad herdoop sal word; dat die nuwe blad die beginsels en doelstellings van die O.B. sal propageer maar nie die amptelike orgaan van die O.B. sal wees nie. Die blad sal inteendeel die mondstuk van alle Afrikaner-republikeine wees wat ter gelegenertyd in die groter republikeinse beweging saamgesnoer kan word.

### AANPASSING BY DIE BESTAANDE ORGANISASIE

1. Die poste K.G. en A.K.G. is afgeskaf.

2. Die gesag van Ossewabrandwag berus vir die onmiddellike toekoms by 'n verkleinde Grootraad, bestaande uit vier lede met reg van koöpsie. Na gelang van omstandighede sal koöptering plaasvind.

3. Voorlopig doen die Kaapstadse kantoor (Posbus 1411, Kaapstad) diens as hoofkantoor. Alle briewe en bydraes moet aan hierdie kantoor gerig word.

**4. Alle bestaande eenhede, offisiere en rade word erken en gehandhaaf.**

### ELKEEN VAN ONS SE TAAK

1. Gee kennis van u voorneme om lid van die beweging te bly.

2. Hou die organisasie in stand. Dit geld veral vir die offisiere.

3. Betaal u ledegeld en wees gesteld daarop dat u u lidmaatskapskaart ontvang.

4. Teken in op die blad en werf intekenare vir die blad.

5. Adverteer in die blad en werf advertensies vir die blad.

6. Gee 'n bydrae vir die blad.

7. Laat elke kommando, groot of klein, gereeld byeenkomste hou, fondse insamel en ons goeie saak op elke moontlike manier bevorder.

**Ons staan voor 'n nuwe begin. Ons sien weer die lig van 'n eie roeping en 'n eie doel. Laat elkeen van ons nou die hand aan die ploeg slaan.**

# Dr. Van Zyl Vra Fondse vir Blad

**„Graag wil ek die aandag van alle lede en vriende van die Ossewabrandwag in Wes- en Oos-Kaapland vestig op bostaande kragtige verklaring van die Voorsitter van die Grootraad en 'n beroep op u doen om in die lig daarvan te handel," verklaar dr. D. F. du Toit van Zyl in 'n oproep om daadwerklike steun vir die republikeinse blad.**

**Voortgaande sê hy: „Na 'n lang tydperk van onsekerheid en verwarring is die leiding van ons organisasie weereens in duidelike taal gestel, en ek wil u vra om die leiding te volg en al u pogings toe te spits op die versterking van u blad.**

**„U kan deur middel van u kommandos of individueel pogings aanwend en die fondse wat u insamel direk aan die sekretaris van Voorslag (Edms.) Bpk., Posbus 1411, Kaapstad, stuur. Alle bydraes sal in die blad erken word.**

### VRIENDE

**Ten slotte is dr. Van Zyl se versoek: „U moet ook nie versuim nie om aan te klop by u republikeinse vriende, wat nie lid is van die Ossewabrandwag nie.**

**„Deur u blad te sterk dra u u deel by tot die verwesenliking van ons republikeinse ideaal."**



DR. F. D. DU T. VAN ZYL

DIE O.B., WOENSDAG, 1 OKTOBER 1952

# SO KRY ONS NIE DIE PROTEKTORATE NIE

Met die standpunt van dr. Malan dat Suid-Afrika na 42 jaar al ongeduldig begin raak oor die gesloer met die oorhandiging van die Britse Protektorate sal weinig mense kan fout vind. Soos hy op die Transvaalse kongres van sy party aangetoon het, is dit 'n ongerymde toestand dat daar vreemde gebiede binne ons grense lê wat in geval van onluste tog maar deur die Unie onderdruk sal moet word net soos hulle ekonomies ook grootliks deur die Unie onderhou moet word. As ons afstuur op 'n gebiedskeiding tussen blank en nie-blank, word die Protektorate 'n belangrike faktor by die uitvoering van daardie beleid en veral ook op grond hiervan dus is dit noodsaaklik dat die Unie beheer daaroor moet kry.

**Die feit dat daar oor hierdie saak geen beginselverskil tussen die partye bestaan nie, en dat eerste ministers soos genls. Botha en Smuts reeds gevorderde onderhandelings met die Britse regering oor die kwessie van oordrag gevoer het, is iets wat die politiek-verskeurde Afrikanervolk tot groot dankbaarheid stem. Alles behoort dus gedoen te word om hierdie eenstemmigheid te bewaar, en daarom is dit baie jammer dat dr. Malan blykbaar gaan volhard met sy voorneme om die oordrag van die Protektorate aanstaande jaar by die algemene verkiesing te berde te bring.** Oppervlakkig beskou skyn die metode wat hy aanbeveel heeltemal onskuldig te wees: Aan elke kandidaat moet maar net gevra word of hy bereid sal wees om te stem vir 'n versoekskrif van die parlement vir voorlegging aan die Geheime Raad.

## NET KOUKUS TEL

Die saak is egter nie so eenvoudig nie. **Ons almal weet net so goed soos dr. Malan dat onder die partystelsel daar 'n partykoukus is wat die beleid bepaal, en dat wat 'n indiwiduele kandidaat ook al mag beloof of nie beloof nie, van nul en gener waarde is indien die partykoukus waaraan hy gaan behoort om een of ander rede op een of ander tydstip 'n ander besluit sou neem. Dit is dus heeltemal sinloos om van koukus-beheerde kandidate versekerings te vra sonder om daardie versekering te verkry van die beheerders van die koukus, dit wil sê die partyleiding.** Ons weet tog dat die Nasionale Party (of H.N.P.) voor die verkiesing van 1948 'n beleid van algehele segregasie aan die volk voorgehou het. Elke kandidaat van die party was dus gebonde om vir so 'n beleid teen die Fagan-beleid te stem in die parlement. Desondanks, en sonder dat 'n nuwe verkiesing gehou is met 'n nuwe naturellebeleid, het die leier van die party algehele segregasie as beleid verwerp en moet sulke voorstanders van algehele segregasie soos dr. H. F. Verwoerd hierdie beleid nou saam met die res van die koukus verwerp as „Stellenbosse idealisme." Wat baat dr. Verwoerd en ander kandidate se verkiesingsondernemings van destyds? Hulle moet óf breek met die koukus — dit wil sê met die party — óf buig onder die koukusbesluit.

**Indien dr. Malan die Verenigde Party se ondersteuning vir sy versoekskrif begeer, moet hy nie versekerings van ondergeskikte kandidaatjies vra nie, maar van die partyleiding self, en dan ook nie by wyse van 'n openbare uitdaging nie, maar deur persoonlike onderhandeling voor of na 'n verkiesing.** Trouens, daar bly nog altyd 44 senatore oor wat die versoekskrif ook sal moet onderteken, maar wat nie onderhewig aan die verkiesing en die gepaardgaande vrae sal wees nie. Hulle is egter wel gebonde aan hulle onderskeie koukusse.

## ONMOONTLIKE UITSPRAAK

Maar dit is nie die enigste beswaar teen dr. Malan se metode nie. Sy voorstel het betrekking op **kandidate,** (en nie aspirant-kandidate binne 'n party nie), dit wil sê klaar aangewese vegters van die onderskeie partye. **As die kandidaat van die V.P. sou weier om die gevraagde versekering te gee, sal die V.P.-ondersteuners nou daarom vir dr. Malan se kandidaat gaan stem wat behalwe die oorhandiging van die Protektorate ook nog staan vir die verwydering (sonder verskansing) van kleurlingstemme wat vir die V.P. nodig is om 'n aantal Kaaplandse setels te beveilig?**

**In so 'n geval sal die V.P.-ondersteuners ten einde VIR die Protektorate se oordrag te stem, noodwendig TEEN behoud van die Kleurlingstem, TEEN vrye keuse van taalmedium in skole, TEEN grootskaalse immigrasie, TEEN die Appèlhof as hoogste geregshof, in kort, teen alle ander beleidspunte wat in hul eie partyprogram opgeneem is, moet stem. Kan dit van partypolitieke vlees en bloed verwag word?**

Ons vrees dat tensy dr. Malan 'n metode ontwerp waardeur 'n kieser in staat gestel word om deur die aanwysing van een volksraadslid tegelyk hom uit te spreek vir die oordrag van die Protektorate en teen die veronagsaming van die verskanste klousules (waaroor dr. Malan ook 'n uitspraak vra), die aanbeveling van dr. Malan die onmoontlike eis.

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

## WIE HET VIR WAT GESTEM?

**'n Eenparige uitspraak van die volk kan op hierdie wyse vanselfsprekend nie verkry word nie, en die Britse regering sal ná die verkiesing met net soveel reg die plus-minus 600,000 Verenigde Partystemme wat teen die instelling van die „Hoë" Hof van die Parlement uitgebring is, kan tel as uitsprake teen oorhandiging van die Protektorate as wat dr. Malan die plus-minus 600,000 Nasionale Partystemme wat vir die oordrag van die Protektorate gestem het, kan tel as uitsprake ten gunste van sy veronagsaming van die verskanste grondwetartikels.**

**Daarmee kan wel 'n verkiesing gewen word, maar daarmee kan die oordrag van die Protektorate nie verkry word nie.**

Ondersteuning van die Verenigde Party sal immers veel geredeliker gegee kan word indien die party se leiers persoonlik daarom genader word as wanneer die saak teen hulle uitgebuit word as lokaas binne 'n Nasionale Partyprogram.

# Van die Os op die Esel

## Deur Sybrand

### *Ek stem saam met die Dominees*

Is dit in ooreenstemming met die Christelike sedes en gesonde tradisies van ons volk as Afrikaanse meisies aan die Goewerneur-generaal en sy vrou „met kniebuiging en allerlei vreemde seremonies" voorgestel word?

Ds. A. M. Meiring en ds. D. F. de Beer, onderskeidelik voorsitter en sekretaris van die Sinodale Kommissie vir openbare Sedelikheid van die N. H. of G. Kerk in Transvaal sê: Nee.

Mev. Jansen, eggenote van die Goewerneur-generaal, die Britse Koningin se verteenwoordiger in Suid-Afrika, sê: Ja.

Ek is jammer dat ek van 'n dame — 'n eerbare dame soos mev. Jansen — moet verskil maar ten aansien van hierdie twisvraag stem ek volkome saam met die dominees van die kerk.

### *Moet die Knietjies gebuig word?*

In 'n brief, wat in verskeie Afrikaanse koerante verskyn het, het die dominees „ons volksleiers en hoogwaardigheidsbekleders" gevra om 'n goeie voorbeeld aan die volk te stel. Hulle het die gewoonte om vername mense „met die kelkie drank in die hand af te neem" sowel as die bywoning van perdewedrenne deur vooraanstaandes afgekeur. Hulle het voorts o.a. geskryf:

„Dit is vir die Kerk 'n oorsaak van droefheid dat sommige leiers en hoogwaardigheidsbekleders nie altoos die regte voorbeeld stel ten opsigte van die Christelike sedes en tradisies van ons volk nie. Wanneer 'n vroueklub groot danspartye organiseer en Afrikaanse dames aan die Staatshoof met kniebuiging en allerlei vreemde seremonies laat voorstel, dan voel die kerk dat sy werk in belang van die Christelike sedes en gesonde tradisies van die volk afgebreek word en dat 'n ondiens aan die volkskarakter bewys word deur deel te neem aan so 'n funksie of hoë staatsbeskerming daaraan te verleen."

### *Seën oor Koninginmode*

'n Paar weke na die dominees se brief verskyn het, het mev. Jansen aan 'n Afrikaanse koerant in Johannesburg verklaar: „Waar daar 'n voorstelling van jong meisies aan ons plaasvind moet daar 'n misverstand wees omtrent die vorm van die seremonie. **Die paar paslike en sierlike buigings is myns insiens seer sekerlik niks vreemds of kwaads nie. Dit is min of meer soos dit geskied in die volkspele."**

Mev. Jansen gaan vervolgens voort om hoor seën uit te spreek oor die koninginmode wat in die jongste tye oral nageboots word. Die Goewerneur-generaal se vrou sê: „Waaraan moet ons die gewoonte toeskrywe wat nou vry algemeen geword het en waaraan Afrikaners ook deelneem: naamlik die kiesing en kroning van koninginne en prinsesse? Is dit nie 'n openbaring van die feit dat daar wel 'n drang in die hart van die publiek is na 'n bietjie seremonie en sierlikheid nie?

### *Die Liggaam van die Vrou*

Nee, ek dink dit moet aan heeltemal ander motiewe toegeskryf word. Is die koninginmode nie maar die logiese uitvloeisel van baie adverteerders se gebruik om reklame vir hulle negosie goed te maak met behulp van die vroueliggaam nie? Die vroueliggaam in die advertensie (wat meestal slegs met die spreekwoordelike vyeblaar bedek is) en die Dit of Dat koningin is mos dieselfde ding, naamlik die kommersialisasie van die liggaam van die vrou. In ons eie land is die gebruik darem nog (sover ek weet) om die koninginne behoorlik te klee, maar in die buiteland geld die reël dat hoe nakender die koningin is hoe groter is haar kommersiële waarde.

Ek glo darem regtig nie dat ons volk se drang na 'n bietjie seremonie en sierlikheid bevredig moet word by geleenthede waar die vrou se liggaam (of minstens haar vroulikheid) gekommersialiseer word, ter wille van reklame vir 'n produk of 'n stad of wat ookal nie.

### *Kerftwakkoningin van Transvaal!*

Tye verander, maar beginsels bly darem staan. Honderd jaar gelede was bedrog ook bedrog en vandag is onbeskoftheid ook onbeskoftheid, nes honderd jaar gelede. Of meer mense vandag onbeskof is as toe verander niks aan die beginsel nie. Hierooreenkomstig kan ek my goed voorstel wat Tant Siena Kruger, presidentsvrou van Transvaal, sou geantwoord het, as sy gevra sou geword het om bv. 'n kerftwakkoningin (bes moontlik geklee in 'n ondeunde tabberd van tabakblare) te kroon!

Nee, een van die mooiste erfenisse wat ons van ons eenvoudige maar fynbeskaafde boerevoorouers geërf het, was hulle sin van decorum. Dit is hierdie ingebore eienskap wat so baie buitelandse besoekers laat verklaar het dat die ou Boere 'n volk van aristokrate was. Laat ons liewer hierdie mooi erfenis troetel.

Napoleon het gesê dat die Britte is „a nation of shopkeepers." Moenie dat ons Afrikaanse vroue die prooi word van die Britse kommersiële tradisie nie.

### *Oom Paul het sy Les vergeet*

Oor die kniebuiging voor die vorste of die vorstelike plaasvervangers wil ek 'n staaltjie vertel.

Toe President Kruger op 'n keer oorsee gegaan het na Brittanje is daar reëlings getref om hom aan koningin Viktoria voor te stel. Die President is vooraf ingelei in die geheimenisse van so 'n vorstelike voorstelling. Daar is aan hom beduie watse soort buiging hy voor die koningin moet maak; dat hy glo eers orent moet kom nadat dit Haar Majesteit behaag het om hom te groet; en al die kaskenades wat by so 'n formele voorstelling tuishoort.

En eindelik het die groot oomblik aangebreek.

President Kuger het fier en regop tot voor die koningin gestap, sy hand uitgesteek en hoflik gesê: Dag koningin Viktoria, ek is Paul Kruger.

Die President se leermeesters was verslae. Koningin Viktoria sou glo later gesê het dat sy „startling ingenuousness" (verrassende ongekunsteldheid) 'n indruk op haar gemaak het. Laat dit wees soos dit wil.

Die president se antwoord aan sy leermeesters, toe hulle hom gevra het waarom hy dan sy les vergeet het, het 'n diepe indruk op my gemaak. President Kruger sou aan hulle gesê het: „Ek buig net my knie voor God."

### *Hy is dan Dood. Hoekom leef hy?*

Ek het nou-die-dag gesels met 'n ou vriend van my wat homself 'n „harde nasionalis" noem. Hy sê vir my hy kan die Ossewabrandwag nie verstaan nie. Eintlik is die Ossewabrandwag mos al dood en eintlik het sy lede mos almal weer teruggekom na die Nasionale Party toe. Nou kan hy nie verstaan waarom die Ossewabrandwag dan nog lewe nie en waarom sy lede nie by die Nasionale Party kom aansluit nie en dit hinder hom sê my vriend.

Hy wou toe van my weet wat gaande is met die Ossewabrandwag.

Ek het vir hom gevra of hy nie liewer moet ondersoek instel na wat gaande is in sy party nie? Glo „harde nasionaliste" nie alte maklik alles — letterlik alles — wat hul partyleiers en partykoerante vir hulle sê nie. Ek het hom herinner aan die ongelukkige afgevaardigde wat ontsteld op die party-kongres uitgeroep het: As enigiemand, anders as dr. Malan, vir my gesê het dat ek 'n pessimis is sou ek hom dit nie geglo het nie!

Ek het vir my vriend gesê dat dit vir hom 'n waarskuwing moet wees oor waar die goedgelowigheid van „harde nasionaliste" vir hulle kan beland.

### *Wenk vir Diegene wat in die Mode wil wees*

Toe het ek vir my vriend gesê dat ons in die Ossewabrandwag gladnie bekommerd is oor die Nasionaliste Party en sy trawante se propaganda dat die O.B. dood is nie. „Uiteindelik byt die hond wat daardie propaganda uitblaf sy eie stert — soos in jou geval gebeur het," het ek vir my vriend gesê.

Ek het hom verseker dat ons in die O.B. heeltemal gerus is in die wete dat die O.B. nie dood is nie; ook nie sal doodgaan nie; trouens nou weer heeltemal gesond is. Ek het bygevoeg vir my vriend se stigting dat die

(Vervolg op bl. 3 kolom 2)

# PLIGSGETROUE OPPOSISIE HET EIE BELEID BEVEG

**Nou dat die Verenigde Party vir taktiese doeleindes die nadruk op sy punte van ooreenkoms met die Nasionale Party laat val — wat vier jaar gelede al so in die ooglopend was dat sowel genl. Smuts as dr. Malan die groot gemeenskaplikheid van beleid by geleentheid erken het — verklaar die V.P.-leiers hulle ook heeltemal tevrede met die kleurwetgewing van die regering wat hulle so heftig in die parlement beveg het.**

Aan Dagbreek het mnr. Marais Steyn, voorsitter van die V.P. se inligtingsafdeling, gesê dat sy party die wette op gemengde huwelike en ontug nie sal herroep nie en dat dit aangevul moet word met maatskaplike maatreëls.

Wat apartheid op treine betref, het hy gesê dat die V.P. die afsonderlike treindienste vir die rasse in Kaapstad aangevoor het en dat wyle mnr. J. H. Hofmeyr begin het met kleurskeiding aan universiteite deur die stigting van 'n aparte mediese kollege vir nie-blankes in Natal.

Ook in die geval van aparte woonbuurtes was die V.P. die Nasionale Party voor met die invoering van aparte woonbuurtes vir Indiërs in 1946, het hy gesê.

'n Ander V.P.-spreker, mnr. E. P. Fowle, L.P.R., het op die Natalse kongres van die party gesê dat die Verenigde Party nie wil hê dat die Groepsgebiedewet herroep moet word nie.

### HEWIG BEVEG

In die parlement het die Verenigde Party egter 'n heel ander houding ingeneem. Die wetsontwerpe op ontug, gemengde huwelike en groepsgebiede is ten hewigste beveg. Die buitestaander kon geen ander indruk kry as dat die Verenigde Party hierdie maatreëls as die grofste skending van sy beginsels en verkragting van nieblanke regte beskou nie.

Die vraag kom dus op: Waarom is dieselfde party wat die aanname van die maatreël so heftig bestry het, nou so tevrede daarmee dat hy hom eintlik daarop beroem dat hy eerste daarmee begin het?

### DIE REDE

Is dit omdat die party nou skielik van beleid verander het? Nee, dieselfde beleid van „maatskaplike afsondering," „geen bloedvermenging" en „afsonderlike woonbuurtes" wat mnr. Strauss 'n paar weke gelede rugbaar gemaak het, het genl. Smuts reeds in 1948 gehuldig, soos dit in Hansard en ook in die V.P.-program van beginsels opgeteken staan.

Die juiste antwoord is reeds deur 'n paar Verenigde Partylede in die parlement indertyd gegee. **In toesprake het sowel mnr. Harry Lawrence as mnr. Sarel Tighy met groot nadruk verklaar dat die opposisie se plig is om te opponeer en dat die regering wat onnodige teenstand wou beperk deur sy valbylmaatreël nie die reg het om die opposisie van sy plig te weerhou nie.**

Solank ons 'n regeringstelsel het wat voorskryf dat daar vir Haar Majesteit ook 'n opposisie moet wees om die bestaande regering te opponeer, en daar £2,800 aan 'n partyleier betaal word om te opponeer solank moet daar „amptelike" verset teen regeringsmaatreëls wees, al moet die betaalde opposisie kop krap om sy argumente te laat klop met sy aanvaarde beleid.

**Maar ons het genoeg natuurlike teenstand in ons land dat ons dit nie nog kan bekostig om kunsmatige teenstand te huur nie. En dit doen ons solank ons die Britse partystelsel handhaaf.**

# HIPNOSE GENEES KIND VAN SKUBBE

**Tot watter mate hipnose vir geneeskundige doeleindes aangewend kan word, blyk uit 'n bykans ongeloofl‌ike geval waarvan in die British Medical Journal verhaal word. Dit gaan oor 'n kind wat met die uiters seldsame visskubsiekte gebore is — 'n verharding van die vel waarvoor geneeshere nog geen raad weet nie.**

Die siekte kon reeds by die geboorte van die kind in Londen opgemerk word, maar namate hy ouer geword het, het die vel dikker en harder geword. Slegs sy gesig, nek en bors was vry daarvan. Origens het die vel oor sy hele liggaam so dik geword soos 'n vingernael en waar dit gebuig word, breek dit oop en laat bloederige water uit. Geen behandeling wou verbetering bring nie, en selfs oorplanting van vel het die toestand net vererger deurdat die oorgeplante vel ook hard en swart geword het soos die res, maar boonop nog gekrimp het.

Hy was reeds van skoolouderdom toe dr. Albert Mason van die geval verneem het. Laasgenoemde, wat 'n studie gemaak het van hipnose, het besluit om dit op die seun toe te pas. Hy het in teenwoordigheid van die stuk of twaalf geneeshere die seun in 'n hipnotiese slaap gebring, en na tien minute herhaaldelik aan hom gesuggereer: „Jou linkerarm sal genees."

### VERVEL

Vyf dae later het die buitenste kors van die vel begin sag word en afgeval. Eers was die nuwe vel rooi, maar geleidelik het dit normaal geword en na tien dae was die hele arm van die skouer tot by die gewrig genees.

Dr. Mason het voortgegaan met die behandeling en telkens 'n nuwe deel van die liggaam uitgesonder. Sy bene, wat die ergste aangetas was, het gedeeltelik herstel, en sy rug 90 persent. Op agtienjarige leeftyd kan die seun nou 'n normale lewe voer.

## KAN PERSOON OOR TELEFOON SIEN

Dit sal in die vervolg moontlik wees om die persoon met wie jy oor die telefoon praat te sien — mits jy dit kan bekostig.

'n Beeldradio-telefoon is so pas vir die eerste keer openbaar gemaak. Sodra die spreekbuis opgetel word, kan die persoon aan die anderkant op 'n beeldradio met 'n skerm van twaalf duim, gesien word. In die huidige stadium sal dit egter £1,000 kos om so 'n toestel aan te bring.

# BRITSE RUBBER VIR RUSLAND

**Brittanje verkoop nog steeds rubber — 'n materiaal wat vir oorlogsdoeleindes gebruik kan word — aan Rusland. Daar is verlede week onthul dat Rusland sy aankope van rubber uit Brittanje vermeerder het.**

Die verkope sal beperk wees tot rubber wat redeliker wys as vir nie-militêre behoeftes beskou kan word.

Dit laat 'n mens dink aan die rondloper wat eenmaal by 'n plattelandse prokureur 'n halfkroon gekry het op voorwaarde dat hy nie drank daarmee sal koop nie. Hy is reguit by die deur uit na die drankwinkel. Die prokureur het hom gevolg en op hom afgekom net toe hy 'n halfkroon op die toonbank neersit om vir 'n bottel drank te betaal.

„Maar jy het dan belowe om nie drank met my halfkroon te koop nie?" verwyt hy.

„Maar dit is nie jou halfkroon nie; hier is jou ellendige halfkroon," en die rondloper haal 'n ander muntstuk uit sy broeksak!

# Wolseley Verloor Steunpilaar

**Mnr. H. F. Conradie, Wolseley, berig:**

Op Woensdag, 17 September, is onder blyke van belangstelling en deelneming van 'n groot skare op sy plaas Skoonuitsig, Breërivier, begrawe mnr. D. P. van der Merwe. Die oorledene was geruime tyd sukkelend met sy gesondheid waarvan hy 'n gedeelte bedlêend was, en het eindelik in die Volkshospitaal, Kaapstad, beswyk na 'n breinoperasie.

Oom Danie of oom D.P. soos hy ook soms genoem is, was nog nie vol 62 jaar oud nie en was in sy lewe hoewel stil van geaardheid 'n baie bruikbare en ywerige lid van die samelewing waar hy op verskillende openbare liggame en ook in die kerkraad gedien het.

Hy was ook 'n troue lid en daadwerklike ondersteuner van die Ossewabrandwag in die algemeen en die Wolseleykommando in die besonder sedert die stigting daarvan.

Oom Danie is ongeveer vier jaar gelede vir die tweede keer getroud, daar sy eerste eggenote vyf jaar gelede hom ontval het, en word oorlewe deur sy tweede eggenote en vier seuns en twee dogters (almal uit sy eerste huwelik).

Sy minsame geaardheid het hom allerweë bemind gemaak en sal gemis word deur sy familie en groot vriendekring en ook deur die plaaslike O.B.-kommando.

Die O.B.-kommando betuig hiermee sy innige deelneming met sy familie en waardeer baie hoog die getrouheid en steun wat hy ons in sy lewe geskenk het.

(Vervolg van bl. 2 kolom 5)

O.B. 'n selfstandige organisasie is, wat sy eie doelstellings nastreef en wat, bowe-al, nie die handlanger van enige politieke party is nie.

Ons mede-Afrikaners wat praat van die Ossewabrandwag wat sal „doodgaan" of sal „verdwyn" is heeltemal uit die mode uit. Die jongste ontwikkeling is dat die O.B. hom gereed maak om uit te blom in 'n groter Republikeinse Beweging. As mense wat belangstel in die O.B. in die mode wil wees moet hulle die Ossewabrandwag en „partylose stryd" vir die republiek in een asem noem. Dan sal hulle praat soos ingeligte mense met 'n toekomsblik!

**Die minister van naturellesake, dr. H. F. Verwoerd, ontvang talle briewe van naturelle waarin dank uitgespreek word vir die beleid van apartheid, en in Transvaal het hy die bynaam „Seboloke" verwerf** wat beteken: „Hy wat alles regmaak."


## GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**TARIEF:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar.

Vir herhalings 25 persent afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BEPERK, Posbus 1411, KAAPSTAD.**

### MEUBELS

**MEUBELS.**—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW**, die Beroemde Radio-ingenieurs, **Stasieweg, Parow**, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### HORLOSIES EN BRILLE

**H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.**—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK

### GRYSHARE

**GRYSHARE** herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jong voorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAAR-WONDER**, die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvelvoedingsmiddel u. Skadeloos, kleurstofvry. 5/- per bottel, geld met bestelling. **BOERE-GENEESMIDDELS, Posbus 4272, Johannesburg.** C1/9/49

**Gryshare en baard** binne een maand tot natuurlike kleur herstel of geld terug, vry van kleurstof. Bevorder haregroei, verwyder skilfers. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** G14/6/50

### MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID. Ons beskik oor die middels en behandel alle siektes. Skryf, inligting gratis. — **BOEREGENEES-MIDDELS, Posbus 4272, Johannesburg.** A1/9/49

**SIEKTES en Kwale verban!** Operasies vermy en gesondheid herstel. Waarom dan sal u langer ly? Skryf, meld besonderhede, raadpleeg **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** (Nr. 2)1/9/49



61-3092A

# TYD NOU RYP VIR GROOTSE POGING AAN KLEURFRONT

**Die veldtog om toenadering tussen die Nasionale Party en die Verenigde Party te bewerkstellig ten einde die twee groot politieke partye in staat te stel om die kleurvraagstuk gesamentlik aan te pak duur nog steeds voort.**

**Die Transvaler (N.P.) skryf dat „die Verenigde Party verdeeld is oor die voorstel van sy hoofleier, adv. Strauss, dat die kleurvraagstuk uit die partypolitiek gelig en deur middel van oorleg tussen die N.P. en die V.P. aangepak moet word." Voorts sê die blad: „Die konserwatiewe deel van die V.P. steun die voorstel, maar die liberaliste is daarteen gekant."**

**In sy toespraak voor die Kaaplandse kongres van die N.P. het die partyleier, dr. Malan, o.a. gesê: „Adv. Strauss het gesê hy wil die kleurvraagstuk bo die partypolitiek verhef. Die Nasionale Party het al vier keer voorgestel dat dit gedoen word en die saak op 'n grondslag van apartheid bespreek moet word. Spreker (dr. Malan) sien kans om dit te bespreek met die regtervleuel van die V.P. wat in beginsel met die apartheidsbeleid saamstem. Maar daar is ook 'n linkervleuel wat feitlik saam met die kommuniste stem. Om te vra dat almal saam die saak moet probeer oplos is om die onmoontlike te vra."**

Op die Transvaalse kongres het dr. Malan egter gesê dat die V.P. vir die N.P. sê dat hy sal saamwerk op voorwaarde dat die N.P. apartheid los. Dit kan die N.P. nie doen nie het dr. Malan gesê. **Hierteenoor het mnr. Strydom op dieselfde kongres gesê dat die V.P. nou die N.P. se kleurbeleid oorgeneem het, maar dat hy die V.P. nie vertrou nie. Min. Strydom het gesê dat „adv. Strauss op Queenstown 'n splinternuwe plan aangekondig het — en dit was die Nasionale beleid. Aan adv. Strauss se praatjies glo spreker nie. „Dit is 'n ou taktiek van die V.P. om die Nasionale beleid na te boots sodra hulle sien dat dit die goedkeuring van die volk wegdra."**

Op 'n vergadering in Claremont (Kaapstad) het mnr. S. F. Waterson, voormalige V.P.-minister, gesê dat as dr. Malan die kleurvraagstuk uit die partypolitiek wil lig, sal hy ondersteuning kry van leiers sowel as volgelinge wat in ander sake grootliks van hom verskil. Mnr. Waterson het gesê: **„As 'n lid van die V.P. is ek geen trou verskuldig aan dr. Malan, die leier van die N.P., nie maar met betrekking tot hierdie fundamentele vraagstuk van rasseverhoudings sal dit my plig wees om lojale ondersteuning te verleen aan 'n poging wat dr. Malan, die eerste minister, mog aanwend om die vraagstuk op 'n nie-politieke grondslag op te los."**

### KONFERENSIE

Die Landstem, onafhanklike blad, skryf dat die twee partye blykbaar nie koalisie wil aanraak nie. En voorts: „maar koalisie is een ding, die groot en moeilike kleurvraagstuk 'n ander. Kan die kleurvraagstuk dan nie uit die politieke terrein gelig word nie? Kan dr. Malan en mnr. Koos Strauss dan nie 'n konferensie in samewerking met die kerke van ons land oor hierdie vraagstuk byeenroep nie?"

Op 'n vergadering in Johannesburg het mnr. Pirow verklaar dat dit dringend nodig is vir die politieke partye om saam te kom en 'n billike oplossing vir die kleurvraagstuk te ontwerp. Mnr. Pirow pleit daarvoor dat die partye moet saam werk ten einde die beleid van algehele gebiedskeiding in Suidelike Afrika, in oorleg met ander Afrika-moondhede, uit te voer.

### GUNSTIGE TEKENS

**Dit is opmerklik—en blykbaar bemoedigend—dat in die Engelstalige koerante van die Argusgroep in die jongste weke verskeie artikels verskyn het waarin die beleid van algehele of gebiedskeiding — dit is, die verdeling van Afrika in wit en swart state — deur die skrywers bepleit word as blykbaar die enigste billike oplossing van die kleurvraagstuk.**

**Dit wil voorkom asof die geleentheid hom nou voordoen vir 'n groot staatsman om 'n ernstige poging tot oplossing van ons kleurvraagstuk te doen.**

Eerstens, lyk dit asof die klimaat nou gunstig word vir die gedagte om die kleurvraagstuk gesamentlik aan te pak en op te los; daar is selfs bemoedigende tekens dat die beleid van algehele apartheid in en buite ons land sorgvuldige aandag ontvang.

Tweedens, die V.P. bied nou samewerking aan. Dit is mos net wat dr. Malan wil hê — in sy jongste toesprake het die eerste minister daaraan herinner dat hy al vier keer in die verlede vir samewerking gevra het. Die verstandige weg is blykbaar om die V.P. se aanbod nou te aanvaar en daardeur hul goeie trou te toets.

Derdens, as die V.P. dan nou die Nasionale Party se kleurbeleid nageboots het, soos mnr. Strydom sê, wees dankbaar daaroor en laat dié beleid as die grondslag vir die samewerking dien. Moenie vooraf sê dat jy nie aan adv. Strauss se praatjies glo nie. Toets sy gewilligheid om sy praatjies gestand te doen in samewerking met die N.P. Dit lyk die verstandige weg.

### YSTER WORD GESMEE

**Vierdens, aangesien gebiedsverdeling 'n aanvaarde internasionale gebruik is om wrywing tussen volke uit te skakel (vergelyk Palestina) en aangesien Brittanje tans besig is met gebiedelike hergroepering in Afrika (vergelyk die Britse federasie-skema) is dit dan nie nou die geleë tyd om die verdeling van Suidelike Afrika in wit en swart gebiede voor te stel nie?**

Dit is in belang van die blankes dat die kleurvraagstuk verhef word bokant die partypolitiek — dat die vraagstuk nie op stal gehou word om by geleentheid verkiesings en setels te wen nie. **Laat die regering nou gebruik maak van die kanse wat daar is om die enigste billike en duursame oplossing na te streef — gebiedskeiding tussen wit en swart in Afrika. Per slot van sake was dit tog die regering se verkiesingsbeleid in 1948. Laat hulle dit nou weer heraanvaar.**

SANLAM

DIE STEMPEL VAN UITKOMS WANT BY SANLAM IS UITKOMS VIR ELKEEN

Dit is in tyd van nood dat 'n mens na jou eie mense soek . . .

Dit is in tyd van nood dat 'n mens jou eie mense vind – by Sanlam

Maak voorsorg vir uitkoms by SANLAM

★

Vir Meubels en Radios Phil Morkel is U man!

**Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerk-gebou, vir Radio's, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.**

**BRILLE**

**Bring u oogarts se voorskrifte vir brille na ons.**

**GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.**

GEHOORAPPARAAT
OOK IN VOORRAAD

**Die Voortrekker-Apteek**

Kerklaan, KAAPSTAD
Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN
Besoek ons of skryf om besonderhede

## HOE S.A. ONDERMYN WORD

**Wanneer die wêreldpers met gierige oë op Suid-Afrika loer om bewyse te vind vir ons „ondemokratiese handelswyse," spreek dit vanself dat enige verantwoordelike persoon dubbel versigtig moet wees omtrent sy doen en sprake. Dinge wat hier geen indruk sal maak nie, omdat mense dit in die regte perspektief kan plaas, word in die buiteland as verteenwoordigend aanvaar. 'n Voorbeeld van hoe selfs onbeduidende stuitlikhede opgepik word om aan die wêreld daarbuite te toon watter bose gees daar eintlik in Suid-Afrika los is, word gevind in die Amerikaanse tydskrif Time — 'n blad met 'n wêreldwye sirkulasie.**

Langs die foto van min. C. R. Swart, waar hy met 'n kats in sy hand staan — soos hy hom 'n jaar of wat gelede laat afneem het — verskyn die volgende berig oor die sitting van die Hoë Hof van die Parlement:

**„Pretoria se ou Raadsaal was verlede week opgeblaas van die lag. Een-en-negentig Nasionale lede van die parlement het daar vergader, nie as wetgewers nie, maar as sogenaamde regters. Hulle het dit as 'n groot grap beskou en aangehou om mekaar toe te roep: ‚Goeiemôre Meneer Regter!' Maar vir Suid-Afrika se tweede- en derdeklas burgers was die grap maar grimmig.**

„Verlede Maart het eerste minister Daniel Malan se apartheidskruistog met 'n wetsgrens gebots. Suid-Afrika se hoogste hof het 'n Malan-wet wat 50,000 Kleurlinge ontkieser, onkonstitusioneel verklaar. Malan se antwoord was om die parlement in te stel as 'n ‚Hoë Hof' met hoër magte as die hoogste hof. Die opposisie (wat in elk geval oorstem sou word) het geweier om aan die hof deel te neem. Sodoende het Malan se eie party die hoogste regterlike gesag in die land geword . . . "


Meeste Suid-Afrikaners sou seker geskok gevoel het as hulle so 'n berig afkomstig van 'n onbekende geweste soos Dominica of Guatemala moes lees. **En Suid-Afrika is vir die gemiddelde Amerikaner so 'n onbekende geweste.**

## V.P. Sou in Hart Republikeins Wees

In 'n eis aan die Verenigde Party om sy beleid duidelik te formuleer voordat die Torch Commando hom sal ondersteun, het mnr. Gilbert Ford, 'n streekleier van Natal, beweer dat die Verenigde Party weier om 'n konvensie vir die verskansing van die grondwet te belê omdat „so baie van sy lede in hul harte republikeine is."

**„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Birdstraat, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers, Voorslag (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.**



Waardevolle goedere

verdien sorgvuldige verpakking

**Sorg dat u houer sterk genoeg is**

Adresseer en verpak behoorlik

**—ons sal die goed aflewer**

**SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË**